**DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG**

# Die Basuin

**21 Augustus 2022**




Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com


*Eredienste begin 09:30*

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Johannes 12: 1 - 8 |
| **Tema** | Met watter gesindheid dien ons die Here? |
| **Sang** | Psalm 48: 1, 5<br>Psalm 9: 7, 10<br>Psalm 81: 11, 12<br>Psalm 84: 3, 4<br>Psalm 89: 11, 14 |

Nadat Jesus Lasarus uit die dood opgewek het, het die Joodse Raad besluit om Jesus dood te maak (Joh 11:45-57). In ons gelese Skrifgedeelte kry ons egter ’n totaal ander reaksie op die daad van Jesus: Maria salf Jesus se voete met ’n halfliter egte, baie duur nardusolie. Daarmee wys sy dat sy niks terughou nie. Sy is vrygewig in haar diens uit dankbaarheid. Die salwing is ’n teken van totale toewyding en oorgawe aan Jesus. Dit is ook ’n nederige slaafdaad: Sy salf Jesus se voete, nie Sy kop nie. Belangrik is die betekenis wat Jesus daaraan gee (vs 7): “Sy moes dit hou vir hierdie dag om my te salf vir my begrafnis.” Maria salf Hom omdat Hy Lasarus uit die dood opgewek het, maar Jesus koppel dit aan sy eie dood.

Jesus was nie maar net ’n doener van wonderwerke nie – sy wonders was tekens. Die tekens wys juis na Jesus, die Seun van God, wat in selfopofferende liefde die sonde van die wêreld kom dra het.

Judas se reaksie is die teenoorgestelde. Dit is oordadig en ‘n vermorsing. Sy rede: hy dra die dissipels se beursie. Sy reaksie klink vroom, maar hy het van die geld gesteel. Hy het ‘n bose hart. By Jesus, maar ewig verlore. 300 muntstukke was verskriklik baie geld – ‘n arbeider se jaarlikse loon. Maar hy was glad nie oor die behoeftiges bekommerd nie. Sy gedagte is wat hy alles met die geld kon doen. Judas is selfgesentreerd en skynheilig. Hy verloën Jesus vir eer en geld.

Hoe moet ons vandag daaroor oordeel? Wat is jou gesindheid om die Here voluit te dien? Vra die Here te veel van jou vir jou verlossing? Hoeveel kos die uitlewing van jou geloof regtig? Maria verneder haarself om ‘n slaaf se werk te doen – sy was Jesus se voete - en sy word daaroor veroordeel. Sy is werklik diensbaar in die Koninkryk in selfopofferende liefde. Lewe jy met Judas se mentaliteit of met die mentaliteit van ‘n dankbare verloste in diens van Jesus Christus?

# OOG VIR MEKAAR



* Ons is dankbaar dat Adriaan vd Walt se prosedure voorspoedig verloop het. Ons bid jou en Elzje die seën van die Here toe op jou voortgesette herstel.
* Ons bid vir Kudu en Truida Pretorius die seën van die Here toe met haar gesondheid.
* Ons is dankbaar dat Alfrieda se ma goed herstel na die beroerte. Ons bid dat die Here julle familie deur die beproewende tyd sal vashou en sal dra. Ons bid ook vir tannie Lettie Coetzee met haar gesondheid.
* Ons dink in ons gebede aan Gerdien Kuijpers wat besig is met chemo. Mag jy deur die krag van die Heilige Gees gedra en ondersteun word in die tyd.
* Tilla Engelbrecht gaan die naweek 'n galblaasoperasie ondergaan.
* Baie geluk aan ons kinders wat op verkillende terreine baie goeie prestasies gelewer het. Ons is dankbaar vir die gawes wat die Here aan julle gegee het.
* Ons bid ons Matrieks 'n goeie eksamen toe. Hard leer en seën vir elke vraestel. Sterkte aan die ouers wat moet motiveer.
* Baie dankie aan almal wat deelgeneem het aan die Stap vir Bybels. U kan steeds donasies gee. Die Bybelgenootskap gebruik van die geld om vir graad 7 leerlinge landswyd Bybels te gee.
* Ons dank aan Martin Venter vir die werk as sameroeper om al die boeke in orde te kry. As u insette wil lewer is u welkom om Maandagaand om 18:00 saam met die kommissie te vergader.
* Baie dankie aan die Diakonie vir vandag se ete. Ons waardeer julle werk en insette in ons gemeente.
* **Die susters word versoek om 'n draai in die kombuis te maak om te kyk of daar enige van hulle bakke ens daar mag wees.**

# KONSISTORIEDIENSBEURT 21 AUG

**Diensbeurt: A3 Sterpark**
**Ouderling: Andre Bakker**

**Katkisasie: Les 17**
**Diaken: Jaun vd Merwe**

***EREDIENSTE BEGIN OM 09:30***

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

# TEESKINKBEURTE



**21 Augustus 2022**
**Geen koffie of tee word bedien nie.**

***30 Augustus 2022***
**Candace vd Walt**
**Niekie vd Walt**
**Welma Venter**
**Melanie Weidemann**

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**



# KALENDER



## *Verjaarsdae*

| Datum | Naam | Ouderdom | Belydend / Doop | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|---|
| So 21 Aug | Rehana O'Reilly | 44 | B | 072 757 5413 |
| Wo 25 Aug | ***Pietra vd Walt *****<br>Bennie Hattingh<br>Stephan Borman | ***82***<br>67<br>14 | B<br>B<br>D | 084 602 4057<br>083 276 9645<br>082 963 9239 |
| Sa 27 Aug | Elizabeth Hurter | 61 | B | 083 285 8499 |

## Huweliksherdenkings

| Huweliksdatum | Lidmate | Jare Getroud | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|
| Sa 27 Aug 1994 | Pieter & Anel Nieuwoudt | 28 | 073 416 1297<br>072 225 9555 |

# DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 22 Augustus | 18:00 | ***Kerk*** | Finanskommissie verg. |
| 23 Augustus | 09:00 | ***Kerk*** | Bybelstudie |
| 24 Augustus | 18:30 | ***Kerk*** | Bybelstudie |
| 24 Augustus | 19:00 | ***Alta Theron*** | Bybelstudie |
| 25 Augustus | 09:30 | ***Alta Theron*** | Bybelstudie |
| 25 Augustus | 19:00 | ***ZOOM*** | Bybelstudie |

# GEDAGTE VIR DIE WEEK


*Die groot trompet sal weerklink,
en Hy sal sy engele uitstuur om
sy uitverkorenes bymekaar te
maak uit die vier windstreke, van
elke uithoek van die aarde af.*

*Matteus 24:31*

## SILWERDOPPERS

**Die Silwerdoppers verkoop vanaf 26 Augustus elke Vrydag worsbroodjies by die kerk.**

Die worsbroodtjies **sal jou slegs R 25.00 uit die sak jaag.**



Vir bestellings skakel Marina van der Walt op 072 135 6905.

Kom en ondersteun ons met die projek. Dit sal ‘n baie lekker aand ete wees.

# KERK RAMINGS

*Wat is ramings?*

Die woord ramings is in Sinode 1885 die eerste keer gebruik. Ramings is kerke se verantwoordelikheid om Klassisse, Streeksinodes en Algemene Sinodes se besluite uit te voer. 'n Klassis neem 'n besluit en die besluit het finansiële implikasies daarom word die kerke binne die Klassis geraam om die besluit uit te voer.
So gebeur dit met 'n Streeksinode en die Algemene Sinode.
Uitgawes word deur die kerke in kerkverband gesamentlik gedra. Kerke kom ooreen om saam die finansiële las te dra.

*Wie stel die ramings vas?*

1.Die kuratore stel 'n begroting saam vir die uitgawes vir die opleiding by die TSP en bepaal die ramings vir die TSP en stuur dit dan na die bestuur van die Admin Buro.
2. Die deputate Emeritaatsvesorging stel 'n begroting saam vir die emeriti se versorging sowel as die mediese uitgawes en bepaal die ramings vir EVT.
3. Die bestuur van die Admin Buro stel 'n begroting op vir die Buro uitgawes.
4. Elke deputategroep stuur hulle verwagte uitgawes om hulle opdrag uit te voer na die Buro wat dan die totale ramings vir die Sinodale kas bepaal.
5. Die bestuur van die Admin Buro stel dan 'n begroting op van beraamde uitgawes.

*Die noodsaak van gereelde betaling van ramings:*

Die Admin Buro het vaste kostes wat elke maand betaal moet word. Die emeriti se versorging, die professore se traktering, die personeel se salarisse moet maandeliks betaal word. Onbetaalde ramings veroorsaak 'n gebrek aan
kontantvloei. Daar kan kwalik vir die emeriti gesê word daar het hierdie maand te min ramings ingekom daarom kan hulle nie versorg word nie.

*Waarvoor raam die Algemene Sinode?*

Deur die jare het Sinodes staande besluite geneem waarvoor geraam word. *Die volgende is voorbeelde:*

**Sinode 1859** – Opleiding van predikante 'n eie Teologiese Skool
**Sinode 1873** – Om emeriti gesamentlik te versorg
**Sinode 1931** – 'n Administratiewe Buro
**Sinode 1936** – Mediese versorging van emeriti

**Sinode 1970** - Instandhouding van die Argief
**Sinode 1982** – Sinodale kas
**Sinode 2009** – Thuso versorging van emeriti van van voormalige Sinode Middellande en Klassis Capricorn
**Sinode 2012-2018** – Bybelvertaling
**Sinode 2018** – Studente Hulpfonds

*Waarvoor gaan die ramings?*

**1 TSP (Teologiese Skool Potchefstroom)**

Die TSP se begroting behels die traktering van 'n aantal professore en salarisse van die administratiewe personeel. Administratiewe uitgawes soos elektrisiteit, foto-kopieering, skryfbehoeftes, reiskostes, ens. Die traktering en salarisse styg jaarliks met 'n lewensaanpasing.

**2 Emeritaatsversorging**

Emeriti ontvang uit die Emeritaatsversorgingstrust maandeliks versorging, volgens die ledevergadering se Orderëelings van die Emeritaatsversorgings-kombinasie. Die versorgingbedrae word jaarliks aangepas.

**3 Administratiewe Buro**

Die Admin Buro word beman deur 'n aantal personeellede wat normale salarisse en ander voordele soos pensioenfonds ontvang. Daar is egter baie administratiewe uitgawes soos in 'n normale kantoor opset.

**4 Sinodale kas**

Alle deputate se reiskostes, administratiewe uitgawes en ander word deur die kas bekostig.

**5 Mediese versorging emeriti**

Volgens Sinodebesluit word emeriti se mediese uitgawes volgens 'n glyskaal deur die ramings betaal. Die glyskaal neem egter af. (Kyk hoofstuk 5, Ordereëling, punt 4.3.6).

**6 Kerkargief**

Die instandhouding van die GKSA se argief behels die personeel se salarisse, argivalemateriaal, reiskoste en administratiewe uitgawes.

**7 Thuso**

Thuso beteken "HELP" in Tswana. Die voormalige Sinode Middellande en Klassis Capricorn se emeriti het geen versorging uit die kerke in kerkverband ontvang nie. Daar is 'n raming wat by alle kerke ingesamel word. Die versorging geskied op aanbevelings van die betrokke Klassis en word jaarliks aangepas.

**8 Studente Hulpfonds**

Hulp aan alle behoeftige teologiese studente – vir mediese uitgawes, reiskoste, akkommodasie, voedsel, ens.

# *GEMEENTEKAMP*

Die aktiwiteitskommissie beplan ***'n gemeentekamp by JABUWENI vanaf 23 tot 25 Sept 2022.***

Vir besprekings en pryse kyk agter in die portaal!!!

**Moet nie die geleentheid misloop nie bespreek NOU en voorkom teleurstelling!!!!!!**

Kom kuier lekker saam met ons. Dit gaan voorwaar 'n gemeentekamp wees om te onthou!!!!!!!



# SUSTERS LENTETEE



# NAGMARK




Ons hou basaar ***“NEE NEE ons hou die beste NAGMARK ooit”*** op Vrydag 28 Oktober 2022.

Ons beplan om soos gewoonlik stalletjies soos **Wit Olifant tafel, koek en gebak tafel, pannekoek tafel, wors broodjies en koeldrank en water stalletjie** ens te hê. Daar sal ook ‘n springkasteel en waterglybaan wees om die kinders besig te hou.

***En die beste van die aand sal die bees op ‘n spit wees, vir aand ete. Kaartjies sal teen R 120.00 per persoon verkoop word. Saam met dit sal daar pap en sous asook slaai en VARS gebakte brood bedien word.***

Lidmate en ander persone wat stalletjies wil behartig vir die aand is welkom, bv. enige handgemaakte items ens. Die stalletjie sal jou R 200.00 kos, ‘n “bargain” soos min.

Enige skenkings kan nog gedoen word. - kontak vir Daleen: 079 490 2678.

Moet nie die datum vergeet nie , teken dit nou al aan die jou kalender.

# NAGMAAL



Lidmate moet ASB kennis neem van die volgende:

**Nagmaal sal op 18 Sept 2022 om 09:30 plaasvind.**

Lidmate **MOET** kennis neem dat daar slegs **EEN** diens sal wees.

Lidmate wat Nagmaal aan tafel **(Vir families)** wil gebruik sal dit kan doen, daar is 5 beskikbaar wees.

Die ander lidmate sal die rakkies wat agter in die portaal is, gebruik en Nagmaal in die banke gebruik.

# NAGMAAL ETE

Lidmate wat die **Nagmaal ete op 18 Sept 2022** wil bywoon moet asb hulle name op die lys plaas wat agter in die portaal op gesit is.

**Braai vleis (steak en wors) sal voorgesit word met pap en lekker sous**, Lidmate wat die Nagmaal ete gaan bywoon moet asb hulle name op die lys plaas wat agter in die portaal op gesit is.



**Die susters word versoek om soos wat die gewoonte is met 'n Nagmaal ete asb dan 'n slaai saam te bring.**

Onthou ook om eie eetgerei ens te bring.

**ONTHOU ASB ! ! ! ! ! ! ! ! ! !**
**Die susters van blok C is verantwoordelik vir nagereg by die Nagmaal ete.**

# EVANGELISASIE



Laat ons Sout & Lig
in hierdie wêreld wees

## Rom 1:16

**Ek skaam my nie oor die evangelie nie, want dit is 'n krag van God tot redding van elkeen wat glo...**



## Praat in die krag van God

- **Jy het gebid om as werktuig in God se diens te staan, geseën die wat op jou pad kom, raakgesien wie swaar kry, vir hul gebid.**
- **Nou die opdrag, moet jou nie skaam vir die evangelie nie.**

# EVANGELISASIE (VERVOLG)



## Praat saam....

- Jesus se gesprek met die Samaritaanse vrou by die put.
- Eers 'n alledaagse aankopingspunt oor water.
  Daarna:
- 'n Gesprek oor godsdiens.
- 'n Gesprek oor haar hart.
- Die leuen wat haar hele lewe beheer het, die 5 mans.
- Laastens: Christus openbaar homself.



## Praat saam....

- In evangelisasie gaan God ons voor.
- Enige tyd, enige plek is die regte tyd en plek vir evangelisasie saam met die Gees.
- Begin deur belang te stel in die persoon en wat hy tans beleef.
- Baie mense soek "lewe" op hulle eie
- Lei hul na Christus

**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Nantes Kotze |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede** | |
| **Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*"Waarom is hierdie reukolie nie vir drie honderd silwermuntstukke verkoop en die geld vir die armes gegee nie?"*
*Johannes 12: 5*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS